

Lees: Lukas 18:35-43

Tema: *God antwoord die noodkreet van Sy kinders*

Hierdie blinde bedelaar by die poorte van Jerigo - Mark 10 sê dat sy naam Bartimeus was - het letterlik in diepe nood geleef!

Noodtoestand en noodkreet

Hy het dit intens beleef! Dag na dag sit hy daar en weet nie eens mooi vir wie hy ietsie kan vra nie, want hy kan nie sien nie. En daar stap almal verby - priesters, die ryk koopmanne van Jerigo, die arbeiders. Intussen het hy maar bitter min vooruitsigte ...

Maar, eendag dan hoor hy iets. Sy ander sintuie is goed opgeskerp soos dit baie maal gaan met iemand wat een of ander vorm van beproewing beleef. Hy hoor die opgewonde geroesemoes van 'n skare, daar is so 'n elektrisiteit in die lug van 'n klomp mense wat iets verwag.

Die blinde Bartimeus begin vra wat aangaan (vs 36). Die teks wil iets weergee van 'n kloppende dringendheid in dit wat hy vra. Wat gaan aan? Wat gaan aan? Min mense steur hulle aan 'n blinde bedelaar, maar tog verwerdig iemand hom 'n antwoord.

Jesus, die Nasarener, gaan verby.

Toe hy dit hoor, bars hy letterlik lops en skreeu en roep hard en aanhoudend uit:

Jesus, Seun van Dawid, wees my barmhartig! Seun van Dawid, wees my barmhartig!

Niks gaan hom keer as hy nou so biddend roep nie! Selfs nie eers die onsimpatieke skare nie! Hulle probeer hom nog stilmaak. Hulle wil nie nou vir Jesus onderbreek nie. Hulle weet goed iets groots gaan gebeur in Jerusalem. Jesus het 'n ruk lank die stad vermy en is nou op pad soontoe. Hulle wil in hulle nuuskierigheid amper vir Jesus voorstu op sy pad. Hulle wil nie nou tyd mors op 'n blinde bedelaar nie!

Dit wek tog die indruk asof die dissipels self ook nie altyd so lekker beseft het wat Jesus se missie en roeping en taak op aarde was nie. Hulle is self healtyd besig om mense van Jesus af weg te hou! Die kindertjies word weggehou en weggejaag (Luk 18: 15 vv). Ander siek mense, die vrou met die bloedvloeiing, sondaars. Hy het dan juis vir hulle gekom! Maar hulle probeer hulle eenkant hou. Miskien het hulle gewetens ook maar bietjie gepla...

Bartimeus laat hom nou onder geen omstandighede stilmaak nie. Jesus die Nasarener gaan verby en hy moet hom nou stop! Hy gaan verbygaan en hy moet hom nou stop! Die tyd en geleentheid gaan verby gaan, sy hoop gaan verbygaan. Al sê hierdie vooraanstaande en vreemde mense ook wat, hy moet hom nou stop! Seun van Dawid, wees my barmhartig!

Hierdie is die laaste geleentheid! Dit is die laaste keer, wys die Bybelse geskiedenis, wat Jesus by iemand sal stop! As Jesus nie nou stop nie, dan is dit verby!

Hulp en bevryding

Let bietjie goed op wat noem Bartimeus vir Jesus: Seun van Dawid. Dit is een van die min plekke in die Bybel waar Jesus so genoem word. Maar Bartimeus noem hom so omdat hy presies geweet het wie hierdie Jesus die Nasarener is! Bartimeus in sy beproewing, het wel die Skrifte geken. Hy het van kleins af geluister as daar gelees word uit die Skrifte, as daar gepraat word oor die Messias wat kom. Hy het gehoor daar is 'n Verlosser op pad. Hy kon hierdie verbinding maak tussen die OT beloftes van die Verlosser en hierdie Jesus van Nasaret. Jesus is die Verlosser, die belofde Seun van Dawid wat moes kom! Jesus het gestop, gaan staan. Hy het gehoor hoe roep die man in nood. Nou roep Hy hom nader. Laat hy na My toe kom. Bring hom nader na my toe. Hierdie selfde mense wat vir Bartimeus stilgemaak het en Jesus nie wou laat stop nie - bring hom vir my!

En dan, 'n wonder! Bartimeus het een groot begeerte - hy wil sien. Met 'n enkele woord laat Jesus hom sien!

Jesus pas nie noodhulp toe aan 'n mens wat diep in nood is met 'n aanhoudende noodkreet nie! Hy verander sy hele lewe! Hy keer hom geheel en al om. Hy verseker hom dat dit wat hy glo eg en waar is. Dat sy gebed verhoor word. So wys Jesus Sy Almag, Sy goddeliheid. Hy is vol wysheid en krag. Hy wys sy onbegrensde liefde en barmhartigheid. Bartimeus het gevra daarvoor, dit biddend uitgekreet en Jesus gee dit vir hom. Hy wil. Hy kan en hy wil.

Jesus wil iets sê met hierdie wonder. Met hierdie laaste genesingswonder sluit hy aan by dit waarmee Hy Sy bediening begin het - die ware ommekeer in die hart en lewe van 'n mens. Toe hy begin het om te preek, was sy boodskap - keer om! Verander, want die koninkryk van die hemele het naby gekom. Nou wys hy dit. Hy wys vir Bartimeus en sommer vir die hele skare hoedat hierdie ommekeer en nuwe lewe in Bartimeus lewe!

Kyk mooi wat het Jesus vir hom gevra: Wat wil jy hê moet ek vir jou doen? Wat leef hier diep binne-in jou? Wat gaan in jou wil aan? In jou wilslewe? En dan kom dit uit: Ek wil wat U kan! Hy wys hoe die Heilige Gees hier diep binne in hom alreeds vertrou in die Here Jesus bewerk het, en egte hoop en geloof! Hy het gesit, hy het geroep, hy het opgestaan en tot by Jesus gekom!

Jesus gaan nie by Bartimeus verby nie! Nee, Bartimeus gaan nou saam! Saam Jerusalem toe! Saam met Jesus! Nou is hy nou verbonde aan Hom. Hy gaan nie weer wag en sit nie. Hy gaan ook nie afdraai nie. Hy is nou verbonde aan Jesus - deur die poorte as die skare Hosanna skree. Hy sal ook 'n getuie wees as Jesus by Gabbata verhoor word. Hy is ingesluit in daardie gebed in Getsemane. Hy is verbonde aan Jesus as die Seun van God self uitkreet op Golgotha. Hy is nou saam met Jesus verbonde in die tuingraf van Josef van Arimatea. Hy staan saam met Jesus op (Rom 5) in 'n nuwe lewe! Hy word ook geseën as Jesus sy hande uitstrek en opvaar van die Olyfberg af!

Getuienis

Kyk wat staan vas as boodskap in hierdie geskiedenis: Bartimeus se getuienis en belydenisse. Sy getuienis van geloof. Meer nog as sy genesing. Sy getuienis van vertrou in al die beloftes van die Here. Sy wedergebore wil. Sy roep en bid in die geloof! Sy lof aan God. In vs 43 staan geskryf dat Bartimeus se lof en dank so aansteeklik was dat die hele skare saar rondom Jesus lof aan God gebring het! Maar dit is wat in hom geleef het deur die genade van die lewe!

Hoe baie mense het dit nie! Sit in hulle nood en benoudheid wat hulleself skaars besef. En Jesus gaan by hulle verby! Hulle roep nie en bid nie. Word nooit deel van die pad van Jesus nie. Bly sit en bly blind, horende doof, staan nie op nie en word nie deel nie.

Maar goddank vir die wat hulle geloof bely! En roep en bid!

Is jou getuienis en belydenis self aangryplik? Ronduit getuig oor jou sekerheid? Oor hoe jy weet van jou redding? Jy het die getuienis van jare in die kerk. Jy weet wie is jou verlosser en bly nie weg van die erediens nie.

Ek weet wat ek aan die Here het! Ek hoop net soveel ander wat dit nog nie het nie, kom tot insig!

Dit is die boodskap vir ons vandag! Daar is troos en lewe, krag en Almag by Jesus! Daar is lewe op die pad saam met hom! As jy roep en bid, as jy opstaan en die treë loop, is daar 'n pad vorentoe vol genade! Laat daarom ons eie dank ook aansteeklik wees! Mag almal wat saam met ons 'n pad stap, aangesteek word deur ons sekerheid en ons dank, ons lof en ons troos!

AMEN